3 mangoes cost R39. How much does one mango cost? Let's use our base ten blocks to show what we know in this problem.



Ek het 3 tiene en 9 ene. Ek moet uitwerk hoeveel een mango kos.

I have 3 tens and 9 ones. I need to work out how much one mango costs.

Daar is 3 mango's. Ek kan die 30 deur 3 tiene deel en die 9 ene deur 3 groepe van 3 deel.

There are 3 mangoes. I can divide the 30 into 3 tens, and 9 ones into 3 groups of 3.



Daar is 1 tien en 3 ene in elke groep. Een mango kos R10 + R3 = R13.

There is 1 ten and 3 ones in each group. One mango costs R10 + R3 = R13.

Hoe kan ons 39 ÷ 3 deur middel van deling uitwerk?

How can we work out 39 ÷ 3 by dividing?

Ons breek 39 in tiene en ene af. Een mango kos R13.

We break 39 into tens and ones. One mango costs R13.

Herhaal die stappe met ander woordprobleme en moedig die leerders aan om 2-syfergetalle in tiene en ene af te breek ten einde hulle in staat te stel om probleme meer doeltreffend op te los. Verduidelik aan hulle dat, as hulle die getal 39 in tiene en ene afbreek, dit hulle in staat stel om die probleem maklik op te los.

Repeat the steps with other word problems, encouraging learners to break 2-digit numbers into tens and ones so help them solve problems more efficiently. Explain to them that breaking the number 39 into tens and ones helps us to solve the problem easily.

WEEK • WEEK 2

DAG 4 • DAY 4

Deel 2-syfergetalle
Division of 2-digit numbers

HOOFREKENE (MENTAL MATHS): TREK VEELVOUDE VAN 10 AF EN TEL DIT OP (ADD AND SUBTRACT MULTIPLES OF 10) → SPELETJIE (GAME) → KONSEPONTWIKKELING (CONCEPT DEVELOPMENT) → WERKKAARTE (WORKSHEETS)

1 Hoeveel tiene en ene is daar?
How many tens and ones?

	tiene tens	ene ones		tiene tens	ene ones
47	4	7	82		
68			75		
21			92		
59			36		

2 Vermenigvuldig met 10 of deel deur 10.
Multiply or divide by 10.







3 Nomsa het 'n tou van 62 m lank. Sy knip die tou in 2 gelyke dele. Hoe lank is elke deel?
Nomsa has a 62 m rope. She cuts the rope into 2 equal parts. How long is each part?

Teken. Draw.	Daar is 6 tiene. There are 6 tens.	
	Daar is 2 ene. There are 2 ones.	
Deel die tiene. Divide the tens.		Deel die ene. Divide the ones.
Tel die tiene en ene bymekaar. Add the tens and ones.	3 tiene + 1 = 30 + 1 = 31	
getalsin number sentence	62 m ÷ 2 = 31 m	

18

Division of 2-digit numbers

Sit 10'e en 1'e met jou blokkies neer.
Use your blocks to lay out 10s and 1s.

Ntobe het R84. Sy verdeel die geld gelykop onder 4 maats. Hoeveel geld kry elke maat? Ntobe has R84. She shares the money equally between 4 friends. How much money does each friend get?	
Teken. Draw.	Daar is ____ tiene. There are ____ tens.
	Daar is ____ ene. There are ____ ones.
Deel die tiene. Divide the tens.	Deel die ene. Divide the ones.
Tel die tiene en ene bymekaar. Add the tens and ones.	
getalsin number sentence	

46 is gelyk aan 4 tiene en 6 ene.
Ek kan tiene en ene verdeel om te kan deel!
46 equals 4 tens and 6 ones. I can divide tens and ones to divide!

4	Teken tiene en ene. Draw tens and ones.	Deel die tiene en ene. Divide the tens and ones.	Tel die tiene en ene bymekaar. Add the tens and ones.	getalsin number sentence
46 ÷ 2		4 ÷ 2 = 2 6 ÷ 2 = 3	2 tiene + 3 ene 20 + 3 = 23	46 ÷ 2 = 23
93 ÷ 3				
86 ÷ 2				
84 ÷ 4				
69 ÷ 3				
42 ÷ 2				
66 ÷ 6				
28 ÷ 2				

WEEK 2

DAG 5 • DAY 5

Assessering en vaslegging
Assessment and consolidation

ASSESSERING ASSESSMENT → WERKKAART WORKSHEET

1 Kleur die kolle in om die breuke te wys.

Colour the dots to show the fractions.

$\frac{1}{3}$	$\frac{3}{5}$	$\frac{3}{4}$
○○○○○○○○○○ ○○○○○○○○○○ ○○○○○○○○○○	○○○○○ ○○○○○	○○○○○○ ○○○○○○ ○○○○○○ ○○○○○○

2 Bheki het 30 blomme. Hy gee $\frac{3}{5}$ van sy blomme vir sy suster. Hoeveel blomme gee hy vir sy suster?

Bheki has 30 flowers. He gives $\frac{3}{5}$ of his flowers to his sister. How many flowers does he give to his sister?

Teken.
Draw.

getalsin: $\frac{3}{5}$ van 30 number sentence: $\frac{3}{5}$ of 30	Antwoord. Answer.

3

50 ÷ 10 = ____	100 ÷ 10 = ____	30 ÷ 10 = ____

Kom ons praat Wiskunde!
Let's talk Maths!

In Afrikaans sê ons:	In English we say:
deel/indeel	divide
veelvoude van 10	multiples of 10
'n breuk van 'n versameling	fraction of a collection
gelyke dele	equal parts
Hoeveel kry elke maat?	How many will each friend get?

20

Assessment and consolidation

Vaslegging | Consolidation

1 Kry die breukdele.

Find the fraction parts.



$\frac{1}{5}$		$\frac{1}{4}$		$\frac{1}{3}$	
$\frac{2}{5}$		$\frac{2}{4}$		$\frac{2}{3}$	
$\frac{3}{5}$		$\frac{3}{4}$		$\frac{3}{3}$	
$\frac{4}{5}$		$\frac{4}{4}$			
$\frac{5}{5}$					

2 Mbali het 'n lint van 50 m lank. Sy gee die helfte van haar lint vir haar maat. Hoe lank is die stuk lint wat haar maat kry?

Mbali has 50 m of ribbon. She gives half of her ribbon to her friend. How long is the piece of ribbon that her friend gets?

Teken. Draw.	Die hele is _____. whole is _____	
	'n $\frac{1}{2}$ is _____. $\frac{1}{2}$ is _____	'n $\frac{1}{2}$ is _____. $\frac{1}{2}$ is _____
getalsin number sentence	_____ ÷ _____ = _____	

3 Nomsa het 28 kg koekmeel. Sy verdeel die koekmeel gelykop onder 2 maats. Hoeveel koekmeel kry elke maat?

Nomsa has 28 kg of flour. She shares the flour equally between 2 friends. How much flour will each friend get?

_____ ÷ _____ = _____

Deling

	Hulpbronne
Hoofrekene: Wys my 'n getal	onderwyser en leerders se *spreikaarte*
Speletjie: *Hoeveel 100'e is daar? Hoeveel 10'e? Hoeveel 1'e?*	leeders se *spreikaarte*



Dag	Lesaktiwiteit	Leshulpbronne
1	Deel – groepeer met 'n res	LAB
2	Deling en reste	LAB
3	Deel – verdeel met 'n res	LAB
4	Kontroleer deling met vermenigvuldiging	LAB
5	Vaslegging en assessering vir leer	LAB

Ná hierdie week behoort die leerder in staat te wees om:	✓
'n begrip van deling (groepering en verdeling) met 'n res te ontwikkel.	
in te sien dat die res altyd kleiner as die deler moet wees.	
die antwoorde op delingsprobleme te kontroleer deur die deler en kwosiënt te vermenigvuldig en dan die res by te tel.	

Assessering

Skriftelike assessering: Deling met reste
Teken 'n punt uit 15 op die kwartaalpuntestaat aan.

Mondelinge en praktiese assessering

Neem die leerders waar om hul vermoë om delingsprobleme met of sonder reste op te los, te assesseer.	**Punt 5**		
Kontrolelys: Korrek/Verkeerd/Byna korrek	✓	✗	●
In staat om met behulp van verdeling te deel			
In staat om met behulp van groepering te deel			
In staat om met 'n res te werk wat in breukdele afgebreek kan word			
In staat om met 'n res te werk wat nie afgebreek kan word nie			
In staat om deling met vermenigvuldiging te kontroleer			

Teken 'n punt uit 5 op die kwartaalpuntestaat aan.

Division

	Resources
Mental Maths: Show me a number	teacher and learner *flard cards*
Game: *How many 100s? How many 10s? How many 1s?*	learner *flard cards*

Day	Lesson activity	Lesson resources
1	Division – grouping with a remainder	LAB
2	Division and remainders	LAB
3	Division – sharing with a remainder	LAB
4	Using multiplication to check division	LAB
5	Consolidation and assessment for learning	LAB

After this week the learner should be able to:	✓
develop an understanding of division (grouping and sharing) with a remainder	
recognise that the remainder must always be smaller than the divisor.	
check the answers to division problems by multiplying the divisor and quotient, and then adding the remainder.	

Assessment

Written assessment: Division with remainders
Record a mark out of 15 in the term mark sheet.

Oral and practical assessment

Observe learners to assess their ability to solve division problems with or without remainders	**Mark 5**		
Checklist: correct/incorrect/almost	✓	✗	●
Able to divide by sharing			
Able to divide by grouping			
Able to work with a remainder that can be broken into fraction parts			
Able to work with a remainder that cannot be broken			
Able to use multiplication to check division			

Record a mark out of 5 in the term mark sheet.

Deling

Hoofrekenevideo

Ons konsentreer hierdie week daarop om 100'e, 10'e en 1'e in 3-syfergetalle te identifiseer. Wys die leerders 100'e, 10'e en 1'e met jou demonstrasiegrootte *spreikaarte* en vra hulle om die getal uit te roep. As alternatief kan jy 'n getal uitroep en die leerders vra om dit met hul *spreikaarte* te wys. Jy kan met 2-syfer- of 3-syfergetalle werk.

Speletjiesvideo

Die leerders gebruik *spreikaarte* in die speletjie, *Hoeveel 100'e is daar? Hoeveel 10'e? Hoeveel 1'e?* om 3-syfergetalle af te breek. Hulle wys en identifiseer die 100'e, 10'e en 1'e in elke getal en stel die getalle met die *spreikaarte* voor.

Video oor konseptuele ontwikkeling

Terwyl die leerders hierdie week met deling werk, los hulle groepeer- en verdeeldelingsprobleme op wat 'n res tot gevolg het. Hulle moet nadink oor wat met 'n res behoort te gebeur. Hulle gebruik hul kennis van maaltafels om hulle te help om die probleme op te los, en hulle moet kan insien dat die res altyd kleiner as die deler moet wees. Die leerders oefen om hul antwoorde op delingsprobleme te kontroleer deur middel van hul kennis van vermenigvuldiging as die inverse bewerking van deling. Hulle kontroleer ook hul oplossing deur te vermenigvuldig en dan die res by te tel. Ons konsentreer hierdie week daarop dat die leerders:

- 'n begrip van deling (groepering en verdeling) met 'n res ontwikkel.
- insien dat die res altyd kleiner as die deler moet wees.
- die antwoorde op delingsprobleme kontroleer deur die deler en kwosiënt te vermenigvuldig en dan die res by te tel.

Waarna jy hierdie week moet oplet

- Die leerders moet logies oor reste nadink asook oor wat met die res behoort te gebeur. Hulle moet hul voorkennis van breuke inspan terwyl hulle breuke van 'n versameling en breuke van 'n hele uitwerk.
- Moedig gesprekke onder die leerders aan sodat hulle hul wiskundetaal met behulp van die korrekte woordeskat kan uitbou: **veelvoude**, **bereken**, **vermenigvuldig**, **maal**, **verdeel**, **verdeling**, **deel**, **groepe**, **groepering**, **res**.

Division

Mental Maths video

This week we focus on identifying 100s, 10s and 1s in 3-digit numbers. Show the learners 100s, 10s and 1s using your demo *flard cards* and tell them to call out the number. Alternatively, call out a number and ask learners to show it using their *flard cards*. You can work with 2-digit or 3-digit numbers.

Game video

In the game, *How many 100s, 10s and 1s with flard cards*, learners use *flard cards* to deconstruct 3-digit numbers. They show and identify the 100s, 10s and 1s in each number and represent the numbers using the *flard cards*.

Conceptual development video

In this week's work on division, learners solve grouping and sharing division problems that result in a remainder. They must think about what should happen to a remainder. They use their knowledge of multiplication tables to help them solve the problems and they will recognise that the remainder must always be smaller than the divisor. Learners practise checking their answers to division problems by using their knowledge of multiplication as the inverse operation to division. They also check their solutions by multiplying and adding the remainder. This week we focus on:

- developing an understanding of division (grouping and sharing) with a remainder
- recognising that the remainder must always be smaller than the divisor.
- checking the answers to division problems by multiplying the divisor and quotient, and then adding the remainder.

What to look out for this week

- Learners will think logically about remainders and about what should happen to the remainder. Learners will use their previous knowledge of fractions as they work out fractions of a collection, and fractions of a whole.
- Encourage conversation between learners so that they can develop their mathematical language using the correct vocabulary: **multiples**, **calculate**, **multiply**, **times**, **share**, **sharing**, **divide**, **groups**, **grouping**, **remainder**

Deel – groepeer met 'n res

HOOFREKENE MENTAL MATHS | WYS MY 'N GETAL SHOW ME A NUMBER → SPELETJIE GAME → KONSEPONTWIKKELING CONCEPT DEVELOPMENT → WERKKAARTE WORKSHEETS

HOOFREKENE | MENTAL MATHS

Maak getalle met spreikaarte en gesels oor 100'e, 10'e en 1'e.

Use flard cards to make numbers and talk about 100s, 10s and 1s.

Onthou om elke dag die datum na te gaan en die register af te merk.

Remember to check the date and mark the register every day.

Hoeveel 100'e, 10'e en 1'e sien julle?
How many 100s, 10s and 1s do you see?

6 honderde, 5 tiene en 7 ene.
6 hundreds, 5 tens and 7 ones.

Watter getal het ons met 6 honderde, 5 tiene en 7 ene gemaak?
What number have we made with 6 hundreds, 5 tens and 7 ones?

Maak die getal 782 met julle spreikaarte.
Use your flard cards to make the number 782.

Watter kaarte het jy gebruik om die getal 782 te maak?
What cards did you use to make the number 782?

Ek het 7 honderde, 8 tiene en 2 ene gebruik!
I used 7 hundreds, 8 tens and 2 ones!

Division – grouping with a remainder

Verrykingsaktiwiteite • Enrichment activities

Dag 1 Day 1

Los met blokkies op.
Solve using blocks.

53 + 31 = _____

22 + 35 = _____

88 + 11 = _____

31 + 57 = _____

64 + 25 = _____

69 – 35 = _____

86 – 42 = _____

32 – 21 = _____

99 – 66 = _____

77 – 33 = _____

Dag 2 Day 2

Los met blokkies op.
Solve using blocks.

85 + 41 = _____

24 + 65 = _____

48 + 21 = _____

63 + 34 = _____

42 + 57 = _____

76 – 41 = _____

59 – 25 = _____

97 – 14 = _____

83 – 62 = _____

65 – 53 = _____

Dag 3 Day 3

Los met blokkies op.
Solve using blocks.

48 + 31 = _____

28 + 61 = _____

51 + 48 = _____

12 + 74 = _____

87 + 11 = _____

74 – 32 = _____

35 – 23 = _____

88 – 42 = _____

96 – 63 = _____

69 – 51 = _____

Dag 4 Day 4

Los met blokkies op.
Solve using blocks.

51 + 35 = _____

65 + 24 = _____

47 + 41 = _____

23 + 66 = _____

34 + 53 = _____

84 – 52 = _____

69 – 24 = _____

58 – 37 = _____

27 – 16 = _____

45 – 33 = _____

Deel – groepeer met ’n res

KONSEPONTWIKKELING | CONCEPT DEVELOPMENT

Daar is 21 sjokolades. Elke leerder kry 5 sjokolades. Hoeveel leerders kry sjokolade?
There are 21 chocolates. Each learner gets 5 chocolates. How many learners will get chocolates?

1

Ons moet 21 deur 5 deel.
We need to divide 21 by 5.


2

Ons kan ons maaltafels gebruik om ons te help. Ek weet dat 5 x 4 = 20.
We can use our multiplication tables to help us. I know that 5 × 4 = 20.

Ons sit die sjokolades in groepe van 5.
We put the chocolates into groups of 5.


3

As ons sê dat 5 x 4 = 20, en 21 – 20 = 1, dan bly daar 1 oor.
If we say 5 × 4 = 20, and 21 – 20 = 1, we will have 1 left over.



4

4 leerders kry elk 5 sjokolades. Daar bly een sjokolade oor! Ons kan hierdie een vir die onderwyser gee of dit onder die 4 leerders verdeel.
4 learners will get 5 chocolates each. One chocolate is left over! We could give one to the teacher or share it between the 4 learners.

Herhaal die stappe met ander groeperingswoordprobleme wat ’n res tot gevolg het. Gee die leerders geleenthede om te gesels oor hoe hulle die probleme oplos en wat hulle met die res sou doen. Moedig hulle aan om na te dink oor die moontlikheid om die res in breukdele te deel.

Repeat the steps with other grouping word problems that result in a remainder. Allow the learners opportunities to talk about how they solve the problems and what they would do with the remainder. Encourage them to think about whether or not they could divide the remainder into fractional parts.

Division – grouping with a remainder

WEEK • WEEK 3

DAG 1 • DAY 1

Deel – groepeer met 'n res
Division – grouping with a remainder

HOOFREKENE MENTAL MATHS | WYS MY 'N GETAL SHOW ME A NUMBER → SPELETJIE GAME → KONSEPONTWIKKELING CONCEPT DEVELOPMENT → WERKKAARTE WORKSHEETS

Speletjie: Hoeveel 100'e is daar? Hoeveel 10'e? Hoeveel 1'e?
Game: How many 100s? How many 10s? How many 1s?

- Werk saam in pare. Maak 'n getal met julle spreikaarte.
  Work in pairs. Build a number using your flard cards.
- Hoeveel 100'e is daar? Hoeveel 10'e? Hoeveel 1'e?
  How many 100s? How many 10s? How many 1s?
- Wat is die getal?
  What number?



1 Voltooi die getalsinne.
Complete the number sentences.

	Teken kolle. Draw dots.	Antwoord. Answer.
36 ÷ 5 =	●●●●● ●●●●● ●●●●● ●●●●● ●●●●● ●●●●● ●●●●● ●	36 ÷ 5 = 7 res 1 remainder 1
24 ÷ 9 =		
28 ÷ 3 =		
34 ÷ 6 =		
37 ÷ 10 =		

Deel – groepeer met 'n res

2 Teken kolle en los op.

Draw dots and solve.

Hoeveel groepe van 4 kan jy met 33 maak? How many groups of 4 can you make from 33? 33 ÷ 4 = 8 res 1 remainder 1	Hoeveel groepe van 3 kan jy met 11 maak? How many groups of 3 can you make from 11?
Hoeveel groepe van 8 kan jy met 26 maak? How many groups of 8 can you make from 26?	Hoeveel groepe van 9 kan jy met 27 maak? How many groups of 9 can you make from 27?

3

	groepe van groups of	Teken kolle. Draw dots.	groepe groups	bly oor left over	getalsin number sentence
50	4		12	2	50 ÷ 4 = 12 res 2 remainder 2
23	5				
16	6				
29	3				
43	7				
34	3				

Division and remainders

HOOFREKENE MENTAL MATHS | WYS MY 'N GETAL SHOW ME A NUMBER → SPELETJIE GAME → KONSEPONTWIKKELING CONCEPT DEVELOPMENT → WERKKAARTE WORKSHEETS

KONSEPONTWIKKELING | CONCEPT DEVELOPMENT

Thoko sit 4 lemoene in elke sakkie. Daar is 18 lemoene. Hoeveel sakkies kan Thoko volmaak en hoeveel lemoene bly daar oor?

Thoko puts 4 oranges into each bag. There are 18 oranges. How many bags can Thoko make and how many oranges will be left over?

Ons moet 18 deur 4 deel. Ek weet dat 3 x 4 = 12.

We need to divide 18 by 4. I know that 3 × 4 = 12.

Ja, maar 18 – 12 = 6, dus kan ons nog 'n groep van 4 maak.

Yes, but 18 – 12 = 6 so we can still make another group of 4.

Ons weet dat 4 x 4 = 16 en dat 18 – 16 = 2. Dit beteken daar is 2 wat oorbly.

So, we know that 4 × 4 = 16 and 18 – 16 = 2. That means we will have 2 left over.

Daar kan 4 sakkies volgemaak word, met 2 lemoene wat oorbly!

There will be 4 bags and 2 oranges left over!

Herhaal die stappe met ander groeperingswoordprobleme wat 'n res tot gevolg het. Gee die leerders geleenthede om te gesels oor hoe hulle die probleme oplos en wat hulle met die res sou doen. Moedig hulle aan om na te dink oor die moontlikheid om die res in breukdele te deel.

Repeat the steps with other grouping word problems that result in a remainder. Allow the learners opportunities to talk about how they solve the problems and what they would do with the remainder. Encourage them to think about whether they could divide the remainder into fractional parts.

Deling en reste

WEEK • WEEK 3

DAG 2 • DAY 2

Deling en reste
Division and remainders

HOOFREKENE MENTAL MATHS | WYS MY 'N GETAL SHOW ME A NUMBER → SPELETJIE GAME → KONSEPONTWIKKELING CONCEPT DEVELOPMENT → WERKKAARTE WORKSHEETS

1 Teken kolle om die antwoord te kry.
Draw dots to find the answer.

Onthou, die res moet kleiner as die groep se grootte wees!
Remember, the remainder must be smaller than the group size!

	Teken kolle. Draw dots.	Antwoord. Answer.
28 ÷ 3 =	●●● ●●● ●●● ●●● ●●● ●●● ●●● ●●● ●●● ●	28 ÷ 3 = 9 res 1 remainder 1
26 ÷ 4 =		
17 ÷ 5 =		
20 ÷ 6 =		
22 ÷ 3 =		
18 ÷ 4 =		
33 ÷ 5 =		
37 ÷ 6 =		

2 21 suigstokkies word in groepe van 5 ingedeel. Hoeveel groepe kry jy en hoeveel bly oor?
21 lollipops are divided into groups of 5. How many groups and how many left over?

Teken 'n diagram. Draw a diagram.	Hoeveel groepe is daar? How many groups?	'n Res? Remainder?	getalsin number sentence
●●●●● ●●●●● ●●●●● ●●●●● ●	4 groepe 4 groups	1 bly oor 1 left over	21 ÷ 5 = 4 res 1 remainder 1

24

Division and remainders

18 suigstokkies word in groepe van 5 ingedeel. Hoeveel groepe is daar en hoeveel bly oor?

18 suckers are divided into groups of 5. How many groups and how many left over?

23 blomme word in groepe van 6 ingedeel. Hoeveel groepe is daar en hoeveel bly oor?

23 flowers are divided into groups of 6. How many groups and how many left over?

22 kolwyntjies word in groepe van 3 ingedeel. Hoeveel groepe is daar en hoeveel bly oor?

22 cupcakes are divided into groups of 3. How many groups and how many left over?

39 koekies word in groepe van 4 ingedeel. Hoeveel groepe is daar en hoeveel bly oor?

39 biscuits are divided into groups of 4. How many groups and how many left over?

3





Deel – verdeel met ’n res

KONSEPONTWIKKELING | CONCEPT DEVELOPMENT

Daar is 16 appels. Dit word gelykop onder 3 leerders verdeel. Hoeveel appels kry elke leerder en hoeveel appels bly oor?

There are 16 apples. They are shared equally amongst 3 learners. How many apples does each learner get and how many apples are left over?

Ons kan die appels onder 3 leerders verdeel.

We can share the apples between 3 learners.

Ons kan aan ons maaltafels dink.

We can think about our multiplication tables.

3 × 5 = 15

Daar is ’n res as ons 16 deur 3 deel.

There will be a remainder if we divide 16 by 3.

As ons sê dat 3 x 5 = 15 en dat 16 – 15 =1, is daar 1 wat oorbly.

If we say 3 × 5 = 15 and 16 – 15 = 1, we will have 1 left over.

Ja! Wat is dus die antwoord op ons probleem?

Yes! So, what is the answer to our problem?

Elke maat kry 5 appels en daar is een appel wat oorbly!

Each friend will get 5 apples and there will be one apple left over!

Herhaal die stappe met ander verdelingswoordprobleme wat ’n res tot gevolg het. Gee die leerders geleenthede om te gesels oor hoe hulle die probleme oplos en wat hulle met die res sou doen. Deur die res in breukdele in te deel, word ’n geleentheid geskep om dit wat van breuke geleer is, te versterk.

Repeat the steps with other sharing word problems that result in a remainder. Allow the learners opportunities to talk about how they solve the problems and what they would do with the remainder. Sharing the remainder into fraction parts allows an opportunity to reinforce what has been learnt about fractions.

Division – sharing with a remainder

WEEK • WEEK 3

DAG 3 • DAY 3

Deel – verdeel met 'n res
Division – sharing with a remainder

HOOFREKENE MENTAL MATHS | WYS MY 'N GETAL SHOW ME A NUMBER → SPELETJIE GAME → KONSEPONTWIKKELING CONCEPT DEVELOPMENT → WERKKAARTE WORKSHEETS

1 Vermenigvuldig of deel.
Multiply or divide.





2 Trek lyne om die getalsinne met die korrekte antwoorde te verbind.
Draw lines to match the number sentences to the correct answer.

34 ÷ 5 =	4 res remainder 3
65 ÷ 9 =	6 res remainder 2
19 ÷ 4 =	4 res remainder 1
29 ÷ 7 =	7 res remainder 3
38 ÷ 6 =	8 res remainder 3
42 ÷ 5 =	6 res remainder 4
35 ÷ 4 =	8 res remainder 2
45 ÷ 6 =	7 res remainder 2

26

Deel – verdeel met 'n res

3

Verdeel 25 potlode onder 4 kinders.

Share 25 pencils between 4 children.



Elke kind kry 6 potlode.
1 bly oor.

Each child gets 6 pencils. 1 is left over.

25 ÷ 4 = 6

res
remainder 1

Verdeel 19 blomme onder 2 kinders.

Share 19 flowers between 2 children.



____ ÷ ____ = ____

res
remainder ____

Verdeel 15 lekkers onder 4 maats.

Share 15 sweets between 4 friends.

____ ÷ ____ = ____

res
remainder ____

Verdeel 27 blomme onder 5 mense.

Share 27 flowers between 5 people.

____ ÷ ____ = ____

res
remainder ____

4

Verdeel 19 roomyse onder 5 kinders.

Share 19 ice creams between 5 children.

____ ÷ ____ = ____

res
remainder ____

Verdeel 29 koekies onder 3 kinders.

Share 29 biscuits between 3 children.

____ ÷ ____ = ____

res
remainder ____

Using multiplication to check division

KONSEPONTWIKKELING | CONCEPT DEVELOPMENT

Daar is 19 lekkers wat onder 5 leerders verdeel moet word. Hoeveel lekkers kry elke leerder en hoeveel lekkers bly oor?

19 sweets need to be shared amongst 5 learners. How many sweets will each learner get and how many sweets will be left over?

Ons moet 19 deur 5 deel. Ek weet dat 5 x 3 = 15.

We need to divide 19 by 5. I know that 5 × 3 = 15.

Ja, en 19 – 15 = 4, dus bly daar 4 oor. Elke leerder kry 3 lekkers en daar bly 4 lekkers oor.

Yes, and 19 – 15 = 4 so there would be 4 left over. Each learner will get 3 sweets and there will be 4 sweets left over.

Jy sê dat 19 ÷ 5 = 3 , met 4 wat oorbly. Hoe kan jy jou maaltafels gebruik om te kontroleer of jy reg is?

You said that 19 ÷ 5 = 3 with 4 left over. How can you use your multiplication tables to check if you are correct?

3 x 5 = 15 en 15 + 4 = 19. Ek was reg.

3 × 5 = 15 and 15 + 4 = 19. I was right.

Herhaal die stappe met ander groeperings- en verdelingswoordprobleme wat 'n res tot gevolg het. Gee die leerders geleenthede om hul antwoorde te kontroleer deur hul maaltafels te gebruik en elke keer die res by te tel.

Repeat the steps with other grouping and sharing word problems that result in a remainder. Provide opportunities for learners to check their answers by using their multiplication tables and adding on the remainder each time.

Kontroleer deling met vermenigvuldiging

WEEK 3 • WEEK

DAG 4 • DAY 4

Kontroleer deling met vermenigvuldiging
Using multiplication to check division

HOOFREKENE MENTAL MATHS | WYS MY 'N GETAL SHOW ME A NUMBER → SPELETJIE GAME → KONSEPONTWIKKELING CONCEPT DEVELOPMENT → WERKKAARTE WORKSHEETS

1 Vermenigvuldig en deel.
Multiply and divide.



Los die probleme op! Teken die groepe om uit te vind wat oorbly, en skryf die getalsin met die antwoord.
Solve the problems! Draw the groups to find what is left over and write the number sentence with the answer.

2

23 balle word in groepe van 5 ingedeel.
Hoeveel groepe is daar en hoeveel bly oor?
23 balls are divided into groups of 5. How many groups and how many left over?

39 koekies word in groepe van 5 ingedeel.
Hoeveel groepe is daar en hoeveel bly oor?
39 biscuits are divided into groups of 5. How many groups and how many left over?

21 blomme word in groepe van 4 ingedeel.
Hoeveel groepe is daar en hoeveel bly oor?
21 flowers are divided into groups of 4. How many groups and how many left over?

47 blomme word in groepe van 7 ingedeel.
Hoeveel groepe is daar en hoeveel bly oor?
47 flowers are divided into groups of 7. How many groups and how many left over?

28

Using multiplication to check division

3 Kontroleer met behulp van vermenigvuldiging. Korrigeer die foute, indien nodig.
Use multiplication to check. Correct the mistakes where necessary.

	kontroleer check	korreksie correction
33 ÷ 6 = 5 res 1 remainder 1	5 x 6 + 1 = 31	5 x 6 + 3 = 33 res 3 remainder 3
17 ÷ 2 = 8 res 1 remainder 1		
44 ÷ 5 = 8 res 4 remainder 4		
29 ÷ 7 = 4 res 2 remainder 2		
10 ÷ 3 = 3 res 3 remainder 3		
39 ÷ 6 = 5 res 9 remainder 9		
34 ÷ 4 = 8 res 3 remainder 3		
25 ÷ 8 = 3 res 1 remainder 1		
50 ÷ 7 = 6 res 8 remainder 8		
18 ÷ 4 = 4 res 1 remainder 1		

WEEK 3

DAG 5 • DAY 5

Assessering en vaslegging
Assessment and consolidation

ASSESSERING ASSESSMENT → WERKKAART WORKSHEET

1

	Teken kolle. Draw dots.	Antwoord. Answer.	res remainder
41 ÷ 5 =		____ ÷ ____ = ____	
17 ÷ 2 =		____ ÷ ____ = ____	
34 ÷ 3 =		____ ÷ ____ = ____	

2 Bereken.
Calculate.

	res remainder		res remainder
18 ÷ 9 = ____		31 ÷ 3 = ____	
26 ÷ 7 = ____		19 ÷ 4 = ____	
15 ÷ 3 = ____		75 ÷ 10 = ____	

Kom ons praat Wiskunde!
Let's talk Maths!

In Afrikaans sê ons:	In English we say:
13 onder 3 maats	13 between 3 friends
Hoeveel groepe van 4 is daar?	How many groups of 4?
Hoeveel bly oor?	How many are left over?
res 3	remainder 3
Kontroleer jou antwoord.	Check your answer.

30

Assessment and consolidation

Vaslegging | Consolidation

1

Hoeveel groepe van 4 kan jy met 19 maak? How many groups of 4 can you make from 19?	Hoeveel groepe van 5 kan jy met 17 maak? How many groups of 5 can you make from 17?
Hoeveel groepe van 6 kan jy met 26 maak? How many groups of 6 can you make from 26?	Hoeveel groepe van 3 kan jy met 31 maak? How many groups of 3 can you make from 31?

2 Kontroleer met vermenigvuldiging. Korrigeer die foute, waar nodig.

Use multiplication to check. Correct the mistakes where necessary.

	kontroleer check	korreksie corrections
26 ÷ 5 = 5 res 1 remainder 1		
12 ÷ 2 = 5 res 4 remainder 4		
43 ÷ 6 = 7 res 2 remainder 2		
31 ÷ 7 = 4 res 3 remainder 3		
39 ÷ 4 = 9 res 2 remainder 2		

Woordprobleme

	Hulpbronne
Hoofrekene: Wys my 'n getal	onderwyser se *spreikaarte* en leerders se *basis tien-blokkies*
Speletjie: *Hoeveel 100'e is daar? Hoeveel 10'e? Hoeveel 1'e?*	*basis tien-blokkies*





Dag	Lesaktiwiteit	Leshulpbronne
1	Deel met reste	LAB
2	Deel met reste in konteks	LAB
3	Delingswoordprobleme	LAB, *basis 10-blokkies*
4	Optellings- en aftrekkingswoordprobleme	LAB, *speelgeld, geldplakkaat*
5	Vaslegging en assessering vir leer	LAB

Ná hierdie week behoort die leerder in staat te wees om:	✓
verdeel- en groepeerdelingsprobleme, wat 'n res tot gevolg het, op te los.	
die oplossing van delingsprobleme met 'n res in konteks te bespreek.	
uit voorkennis te put om optellings- en aftrekkingswoordprobleme op te los.	

Assessering

Skriftelike assessering: Delingswoordprobleme

Teken 'n punt uit 10 op die kwartaalpuntestaat aan.

Word problems

	Resources
Mental Maths: Show me a number	teacher *flard cards* and learner *base ten blocks*
Game: *How many 100s? How many 10s? How many 1s?*	*base ten blocks*



Day	Lesson activity	Lesson resources
1	Division with remainders	LAB
2	Division with remainders in context	LAB
3	Division word problems	LAB, *base 10 blocks*
4	Addition and subtraction word problems	LAB, *play money, money poster*
5	Consolidation and assessment for learning	LAB

After this week the learner should be able to:	✓
solve sharing and grouping division problems resulting in a remainder.	
discuss the solution of division problems with a remainder in context.	
draw on previous knowledge to solve addition and subtraction word problems.	

Assessment

Written assessment: Division word problems

Record a mark out of 10 in the term mark sheet.

Woordprobleme

Hoofrekenevideo

Ons konsentreer hierdie week daarop om 100'e, 10'e en 1'e in 3-syfergetalle te identifiseer. Wys die leerders 100'e, 10'e en 1'e met jou demonstrasiegrootte *spreikaarte* en hulle roep dan die getal uit. Vra hulle daarna om vir jou die getalle met hul *basis 10-blokkies* te wys. Jy kan met 2-syfer- of 3-syfergetalle werk.

Speletjiesvideo

Die leerders gebruik *basis tien-blokkies* in die speletjie, *Hoeveel 100'e is daar? Hoeveel 10'e? Hoeveel 1'e?* om 3-syfergetalle af te breek. Hulle wys en identifiseer die 100'e, 10'e en 1'e in elke getal en stel die getalle met hul *basis tien-blokkies* voor.

Video oor konseptuele ontwikkeling

Terwyl die leerders hierdie week met woordprobleme werk, lê hulle hul begrip van deling vas namate hulle probleme oplos wat 'n res tot gevolg het. Hulle verwys na dit wat hulle vantevore geleer het en los probleme met behulp van maaltafels, veelvoude en die afbreek van 2-syfergetalle in tiene en ene op. Die leerders moet besluit wat hulle met die reste gaan doen. In hierdie week word hul kennis van optelling en aftrekking vasgelê terwyl hulle 'n verskeidenheid woordprobleme oefen. Ons konsentreer hierdie week daarop om:

- verdeel- en groepeerdelingsprobleme, wat 'n res tot gevolg het, op te los.
- die oplossing van delingsprobleme met 'n res in konteks te bespreek.
- uit voorkennis te put om optellings- en aftrekkingswoordprobleme op te los.

Waarna jy hierdie week moet oplet

- Dit is van kardinale belang dat die leerders moet kan insien dat situasies, waarin reste voorkom, in die alledaagse lewe kan plaasvind en dat hulle moet weet hoe om hierdie reste te hanteer.
- Aangesien daar in hierdie week op die versterking van vorige leer gefokus word, bied dit die leerders 'n goeie geleentheid om probleme rakende massa, lengte en geld op te los.
- Moedig gesprekke onder die leerders aan sodat hulle hul wiskundetaal met behulp van die korrekte woordeskat kan uitbou: **veelvoude**, **rangskikking**, **rye**, **kolomme**, **bereken**, **vermenigvuldig**, **maal**, **vermenigvuldiging**, **verdeel**, **verdeling, deel**, **groepe**, **groepering**, **res**.

Word problems

Mental Maths video

This week we focus on identifying 100s, 10s and 1s in 3-digit numbers. Show the learners 100s, 10s and 1s using your demo *flard cards*, and they must call out the number. After that, ask them to show you the numbers using their *base 10 blocks*. You can work with 2-digit or 3-digit numbers.

Game video

In the game, *How many 100s, 10s and 1s with base ten blocks*, learners use *base ten blocks* to deconstruct 3-digit numbers. They show and identify the 100s, 10s and 1s in each number and represent the numbers using their *base ten blocks*.

Conceptual development video

In this week's work on word problems, learners consolidate their understanding of division as they solve problems that result in a remainder. They refer to their previous learning and solve problems using multiplication tables, multiples and breaking down 2-digit numbers into tens and ones. The learners need to decide what they will do with the remainders. This week reinforces their knowledge of addition and subtraction as they practice a variety of word problems. This week we focus on:

- solving sharing and grouping division problems resulting in a remainder.
- discussing the solution of division problems with a remainder in context.
- drawing on previous knowledge to solve addition and subtraction word problems.

What to look out for this week

- It is essential that learners recognise that situations involving remainders can occur in everyday life, and that they need to know how they would deal with these remainders.
- As this week focuses on reinforcing previous learning, it is a good opportunity for learners to solve problems involving mass, length, and money.
- Encourage conversation between learners so that they can develop their mathematical language using the correct vocabulary: **multiples**, **array**, **rows**, **columns**, **calculate**, **multiply**, **times**, **multiplication**, **share**, **sharing**, **divide**, **groups**, **grouping**, **remainder**

Deel met reste

HOOFREKENE MENTAL MATHS | WYS MY 'N GETAL SHOW ME A NUMBER → SPELETJIE GAME → KONSEPONTWIKKELING CONCEPT DEVELOPMENT → WERKKAARTE WORKSHEETS

HOOFREKENE | MENTAL MATHS

Maak getalle met basis 10-blokkies en spreikaarte en gesels oor 100'e, 10'e en 1'e.
Use base 10 blocks and flard cards to make numbers and talk about 100s, 10s and 1s.
Onthou om elke dag die datum na te gaan en die register af te merk.
Remember to check the date and mark the register every day.

Hoeveel 100'e, 10'e en 1'e kan jy sien?
How many 100s, 10s and 1s do you see?

5 honderde, 3 tiene en 8 ene.
5 hundreds, 3 tens and 8 ones.

Watter getal het ons met 5 honderde, 3 tiene en 8 ene gemaak?
What number have we made with 5 hundreds, 3 tens and 8 ones?



Maak die getal 361 met jou basis 10-blokkies.
Use your base 10 blocks to make the number 361.

Watter blokkies het jy gebruik om die getal 361 te maak?
What blocks did you use to make the number 361?

Ek het 3 honderde, 6 tiene en 1 een gebruik!
I used 3 hundreds, 6 tens and 1 one!

Division with remainders

Verrykingsaktiwiteite • Enrichment activities

Dag 1 Day 1

Tel op.
Add.

36 + 61 = _____

52 + 17 = _____

43 + 45 = _____

62 + 32 = _____

78 + 21 = _____

40 + 50 = _____

37 + 22 = _____

10 + 60 = _____

46 + 20 = _____

24 + 24 = _____

Dag 2 Day 2

Tel op.
Add.

40 + 51 = _____

82 + 12 = _____

30 + 63 = _____

61 + 30 = _____

58 + 21 = _____

26 + 42 = _____

50 + 19 = _____

72 + 20 = _____

21 + 21 = _____

78 + 20 = _____

Dag 3 Day 3

Tel op.
Add.

37 + 52 = _____

53 + 46 = _____

45 + 33 = _____

21 + 65 = _____

62 + 16 = _____

54 + 44 = _____

62 + 35 = _____

24 + 21 = _____

17 + 71 = _____

35 + 11 = _____

Dag 4 Day 4

Tel op.
Add.

53 + 24 = _____

47 + 11 = _____

73 + 16 = _____

22 + 66 = _____

67 + 22 = _____

51 + 34 = _____

46 + 42 = _____

63 + 32 = _____

82 + 16 = _____

14 + 75 = _____

Deel met reste

KONSEPONTWIKKELING | CONCEPT DEVELOPMENT

Daar is 34 muffins. 5 leerders deel die muffins. Hoeveel muffins kry elke leerder? Hoeveel muffins bly oor?

There are 34 muffins. 5 learners share the muffins. How many muffins will each learner get? How many muffins will be left over?

Ons moet 34 deur 5 deel. Ek weet dat 5 x 6 = 30.

We need to divide 34 by 5. I know that 5 × 6 = 30.

Ja, en 34 – 30 = 4, dus bly daar 4 oor.

Yes, and 34 – 30 = 4, so there will be 4 left over.

As elke leerder 6 muffins kry en daar bly 4 muffins oor, wat kan julle met die muffins doen wat oorbly?

If each learner gets 6 muffins and there will be 4 muffins left over, what could you do with the leftover muffins?

Ons kan dit vir iemand anders gee.

We could give them to someone else.

Ons kan elke muffin in vyfdes sny en die leerders nog 'n vyfde van elke muffin gee.

We could cut each muffin into fifths and give the learners a fifth from each muffin.

Ons het uitgewerk dat 34 ÷ 5 = 6, met 4 wat oorbly. Hoe kan ons ons antwoord kontroleer?

We worked out that 34 ÷ 5 = 6 with 4 left over. How can we check our answer?



Ons kan dit soos volg uitwerk.

We can work it out like this.

6 × 5 = 30
30 + 4 = 34



Herhaal die stappe met ander groeperings- en verdelingswoordprobleme wat 'n res tot gevolg het. Moedig die leerders aan om na te dink oor wat met die res behoort te gebeur. Gee hulle geleenthede om hul antwoorde met behulp van maaltafels te kontroleer en die res telkens daarby te tel.

Repeat the steps with other grouping and sharing word problems that result in a remainder. Encourage learners to think about what should happen to the remainder. Provide opportunities for them to check their answers by using multiplication tables and adding on the remainder each time.

Division with remainders

WEEK 4 • WEEK

DAG 1 • DAY 1

Deel met reste
Division with remainders

HOOFREKENE MENTAL MATHS | WYS MY 'N GETAL SHOW ME A NUMBER → SPELETJIE GAME → KONSEPONTWIKKELING CONCEPT DEVELOPMENT → WERKKAARTE WORKSHEETS

Speletjie: Hoeveel 100'e is daar? Hoeveel 10'e? Hoeveel 1'e?
Game: How many 100s? How many 10s? How many 1s?

- Werk saam in pare. Maak 'n getal met julle blokkies
  Work in pairs. Build a number using your blocks.
- Hoeveel 100'e is daar? Hoeveel 10'e? Hoeveel 1'e?
  How many 100s? How many 10s? How many 1s?
- Wat is die getal?
  What number?



1

24 ÷ 6 = ____	27 ÷ 9 = ____	18 ÷ 3 = ____
16 ÷ 4 = ____	35 ÷ 7 = ____	24 ÷ 2 = ____
56 ÷ 8 = ____	60 ÷ 5 = ____	36 ÷ 6 = ____
81 ÷ 9 = ____	33 ÷ 3 = ____	36 ÷ 4 = ____

Los die probleme op! Bly iets oor? Skryf die getalsin met die antwoord.
Solve the problems! Is something left over? Write the number sentence with the answer.

2

39 koekies word in groepe van 5 ingedeel. Hoeveel groepe is daar en hoeveel bly oor?
39 biscuits are divided into groups of 5. How many groups and how many left over?

Verdeel 45 ballonne onder 4 maats. Hoeveel ballonne kry elke maat en hoeveel bly oor?
Share 45 balloons between 4 friends. How many does each friend get and how many left over?

32

Deel met reste

3 Kontroleer met vermenigvuldiging. Korrigeer die foute, waar nodig.

Use multiplication to check. Correct the mistakes where necessary.

	kontroleer check	korreksie corrections
32 ÷ 6 = 5 res 4 remainder 4	6 x 5 + 4 = 34	6 x 5 + 2 = 32
41 ÷ 5 = 7 res 6 remainder 6		
11 ÷ 3 = 3 res 2 remainder 2		
37 ÷ 5 = 6 res 7 remainder 7		
27 ÷ 6 = 4 res 5 remainder 5		
14 ÷ 4 = 2 res 6 remainder 6		
65 ÷ 7 = 9 res 1 remainder 1		
46 ÷ 9 = 5 res 1 remainder 1		
50 ÷ 8 = 6 res 3 remainder 3		
26 ÷ 3 = 7 res 5 remainder 5		

Division with remainders in context

HOOFREKENE MENTAL MATHS | WYS MY 'N GETAL SHOW ME A NUMBER → SPELETJIE GAME → KONSEPONTWIKKELING CONCEPT DEVELOPMENT → WERKKAARTE WORKSHEETS

KONSEPONTWIKKELING | CONCEPT DEVELOPMENT

Daar is 27 leerders, en hulle moet almal tydens die skoolbyeenkoms op bankies sit. Daar kan 6 leerders op 'n bankie sit. Hoeveel bankies het ons nodig?

There are 27 learners and all of them have to sit on benches for assembly. 6 learners can sit on a bench. How many benches do we need?

Ons moet 27 deur 6 deel. Ek weet dat 4 x 6 = 24.

We need to divide 27 by 6. I know that 4 × 6 = 24.

Ja, en 27 – 24 = 3, dus bly daar 3 oor.

Yes, and 27 – 24 = 3 so there would be 3 left over.

As ons dus 4 bankies het, met 3 leerders wat oorbly, moet hierdie leerders dan tydens die skoolbyeenkoms staan?

So, if we have 4 benches and 3 learners are left over, do those learners need to just stand during assembly?

Volgens die probleem moet ál die leerders tydens die skoolbyeenkoms sit.

The problem said that all learners have to sit for assembly.

Ons het dus nog 'n bankie vir hierdie leerders nodig, al maak die 3 nie die bankie vol nie.

So, we'd need another bench for them even if the bench isn't full.

Ons het 5 bankies nodig sodat al die leerders kan sit.

We need 5 benches so that everyone can sit.

Herhaal die stappe met woordprobleme wat 'n res tot gevolg het. Moedig die leerders aan om in konteks oor die res na te dink. Hulle moet besluit wat met die res behoort te gebeur ten einde die korrekte oplossing vir die probleem uit te werk.

Repeat the steps with word problems that result in a remainder. Encourage learners to think about the remainder in context. They need to decide what should happen to the remainder in order to work out the correct solution to the problem.

Deel met reste in konteks

WEEK 4 • WEEK

DAG 2 • DAY 2

Deel met reste in konteks
Division with remainders in context

HOOFREKENE MENTAL MATHS | WYS MY 'N GETAL SHOW ME A NUMBER → SPELETJIE GAME → KONSEPONTWIKKELING CONCEPT DEVELOPMENT → WERKKAARTE WORKSHEETS

1 Daar is 26 aarbeie. Verdeel dit onder die maats.
There are 26 strawberries. Share them between the friends.



Hoeveel aarbeie kry elke maat? How many will each friend get?	5
Hoeveel bly oor? How many will be left over?	1
Skryf die getalsin. Write the number sentence.	$26 \div 5 = 5$ res 1 remainder 1

Hoeveel kry elke maat? How many will each friend get?	
Hoeveel bly oor? How many will be left over?	
Skryf die getalsin. Write the number sentence.	

2 Vermenigvuldig en deel.
Multiply and divide.



34

Division with remainders in context

3 Daar is 44 mense. Daar is motors wat elk 7 passasiers kan vervoer. Hoeveel motors het jy nodig om al die mense te vervoer?

There are 44 people. There are cars which can each hold 7 passengers. How many cars do you need to transport all the people?

aantal motors number of cars	1	2	3	4	5	6	7
aantal mense number of people	7	14	21	28	35	42	49

getalsin number sentence	$44 \div 7 = 6$ res 2 remainder 2
Antwoord. Answer.	6 motors met 2 mense wat oorbly 6 cars with 2 people left over
Hoeveel motors is nodig? How many cars are needed?	7 motors 7 cars

Daar is 29 borde. Daar is skinkborde waarop 3 borde op 'n slag gedra kan word. Hoeveel skinkborde het jy nodig om al die borde te dra?

There are 29 plates. There are trays which can each hold 3 plates. How many trays do you need to carry all the plates?

aantal skinkborde number of trays								
aantal borde number of plates								

getalsin number sentence	
Antwoord. Answer.	
Hoeveel skinkborde is nodig? How many trays are needed?	

Delingswoordprobleme

KONSEPONTWIKKELING | CONCEPT DEVELOPMENT

Fikile wil 80 kg bakstene rondskuif. Hy sit die bakstene in 4 sakke. Hoeveel weeg elke sak?

Fikile wants to move 80 kg of bricks. He puts the bricks into 4 bags. How much does each bag weigh?

Ek kan 8 tiene soos volg in 4 groepe van 2 indeel en dit dan uitwerk.

I can group 8 tens into 4 groups of 2 tens like this to work it out.



Elke groep het 2 tiene, dus is 80 kg ÷ 4 = 20 kg. Elke sak weeg 20 kg.

Each group has 2 tens, so 80 kg ÷ 4 = 20 kg. Each bag weighs 20 kg.

Ntobe het 93 g sjokolade. Sy wil dit onder 3 maats verdeel. Hoeveel sjokolade kry elke maat?

Ntobe has 93 g of chocolate. She wants to share it between 3 friends. How much chocolate would each friend get?

Ons kan dit in tiene en ene afbreek om dit makliker te maak om te deel!

We can break it up into tens and ones to make it easier to divide!



90 ÷ 3 = 30 en/and 3 ÷ 3 = 1

30 g + 1 g = 31 g

Ntobe gee 31 g vir elke maat.

Ntobe would give 31 g to each friend.

Gee 'n verskeidenheid delingswoordprobleme vir die leerders om op te los. Herinner hulle daaraan om die strategieë te gebruik wat hulle reeds geleer het, insluitende die gebruik van maaltafels, veelvoude en die afbreek van getalle in tiene en ene.

Provide a variety of division word problems for learners to solve. Remind them to use the strategies that they have learnt, including using multiplication tables, using multiples and breaking numbers into tens and ones.

Division word problems

WEEK • WEEK 4

DAG 3 • DAY 3

Delingswoordprobleme
Division word problems

HOOFREKENE MENTAL MATHS | WYS MY 'N GETAL SHOW ME A NUMBER → SPELETJIE GAME → KONSEPONTWIKKELING CONCEPT DEVELOPMENT → WERKKAARTE WORKSHEETS

1 Voltooi die getalsinne.
Complete the number sentences.

	Teken kolle. Draw dots.	Antwoord. Answer.
22 ÷ 4 =	●●●● ●●●● ●●●● ●●●● ●●●● ●●	22 ÷ 4 = 5 res 2 remainder 2
67 ÷ 6 =		
35 ÷ 4 =		

2 Hoeveel tiene en ene is daar?
How many tens and ones?

	tiene tens	ene ones		tiene tens	ene ones
31	3	1	99		
29			53		
84			45		

3

	Teken die tiene en ene. Draw the tens and ones.	Deel die tiene en ene. Divide the tens and ones.	Tel die tiene en ene bymekaar. Add the tens and ones.	getalsin number sentence
48 ÷ 2 =			20 + 4	48 ÷ 2 = 24
62 ÷ 2 =				
66 ÷ 3 =				

Delingswoordprobleme

4 Thabile het 24 kg suiker. Sy verdeel die suiker gelykop onder 2 maats. Hoeveel suiker kry elke maat?

Thabile has 24 kg of sugar. She shares the sugar equally between 2 friends. How much sugar will each friend get?

Teken die tiene en ene. Draw the tens and ones.	Deel die tiene en ene. Divide the tens and ones.	Tel die tiene en ene bymekaar. Add the tens and ones.	getalsin number sentence
		10 + 2	24 ÷ 2 = 12



Ntobe het R88. Sy verdeel die geld gelykop onder 4 maats. Hoeveel geld kry elke maat?

Ntobe has R88. She shares the money equally between 4 friends. How much money will each friend get?

Teken. Draw.	Deel. Divide.	Tel bymekaar. Add.	getalsin number sentence

Mbali het 'n tou van 99 m lank. Sy knip dit in 3 gelyke lengtes. Hoe lank is elke stuk tou?

Mbali has a 99 m rope. She cuts it into 3 equal lengths. How long is each length of rope?

Teken. Draw.	Deel. Divide.	Tel bymekaar. Add.	getalsin number sentence

Addition and subtraction word problems

HOOFREKENE MENTAL MATHS | WYS MY 'N GETAL SHOW ME A NUMBER → SPELETJIE GAME → KONSEPONTWIKKELING CONCEPT DEVELOPMENT → WERKKAARTE WORKSHEETS

KONSEPONTWIKKELING | CONCEPT DEVELOPMENT

Mbali het een 50c-muntstuk, vier 20c-muntstukke en drie 10c-muntstukke. Hoeveel geld het sy?
Mbali has one 50c coin, four 20c coins and three 10c coins. How much money does she have?



Ek moet optel. 160c is dieselfde as R1,60.
I need to add. 160c is the same as R1,60.

Mbali wil 'n pakkie lekkers koop wat R1,20 kos. Watter munte moet sy gebruik om die presiese bedrag te betaal?
